DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**7 Maart 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 15: 1-7 en Johannes 10: 11-21 |
| **Tema** | Jesus Christus is die Herder wat Sy kudde uitbrei. |
| **Sang** | Psalm 100 : 1, 2, 3<br>Skrifbereiming 12-3 : 1, 2<br>Psalm 130 : 1, 4<br>Psalm 84 : 2, 6 |

Ons het gewoond geword aan fopnuus gedurende die pandemie. Stemme wat ons koppe deurmekaar maak. Stemme wat ons harte wilde paaie laat loop. Stemme wat dreig om ons te ontspoor. Stemme wat ons gedagtes oploop sit. Stemme wat verhoed dat my lewensvlam nie helder brand nie. Ons word met so baie stemme gebombardeer. So baie stemme kan mens verward maak. Wat is reg en wat is verkeerd? Na wie luister ek en wie ignoreer ek? Watter stemme is geloofwaardig en watter stemme hou geen waarde in nie? Positiewe stemme en ook negatiewe stemme. En heeltyd moet ons onderskei: Wie is nou reg en wie is verkeerd?

## 1. ONS HET ‘N HERDER WAT EG IS

Jesus sê dat daar twee tipe skaapwagters is. Aan die uiterlike kan jy geen verskil agterkom nie. Bruingebrand en hard gemaak deur die wind en die son. Beide het ’n herderstaf in die hand. Maar een van hulle is eg, die ander een is vals. Een is ’n herder in murg en been, die ander een is ’n herder wat homself uitverhuur. Op ’n gewone dag sal jy nie die verskil kan agterkom nie. Maar laat die moeilikheid los op hulle! Laat ’n trop wolwe los op hulle en skielik sal jy die ware kleure van die twee sien. Een gaan weghardloop want dit is net die geld wat tel. Hy het geen eienaarskap nie. Maar die ware herder gaan baklei. Die ware herder gaan nie sy staf wegegooi en weghardloop nie. Jesus sê Ek lê my lewe af vir my skape. Dis die verskil tussen ’n ware herder en ’n vals een. ’n Vals een se rug sien jy baie vinnig. En die skape ken die verskil tussen eg en vals.

Hy kom by die deur in. Hy lewe nie van die skape nie, maar vir die skape.

Hoeveel moeilikheid ook al na jou kant toe kom, die Goeie Herder sal jou nooit alleen los nie. Nooit nie. Dis die nuus wat jou deur die donkerste nag sal dra. Dis die nuus wat jou in staat stel om teenwoordigheid van gees in alle omstandighede te handhaaf. Ons Herder is eg. Maar meer nog...

2. ONS HET ‘N HERDER WAT SY SKAPE KEN

Die Goeie Herder ken SY skape en hulle ken Hom. Daar is ’n verbintenis tussen die herder en sy skape. Hulle ken mekaar. Hulle vertrou mekaar. Die skape reageer nie op die stemme van ander herders nie nie. Die skape ken net een herder. Dit is hulle veilige plek. Die Skepper van die Heelal ken my naam. Hy ken my situasie. Dit bring vrede. Die Goeie Herder sal my nooit alleen los nie. Ons moet vanoggend ’n vraag antwoord: Is ons ingestel op die Goeie Herder se stem? Ek weet dat daar in my lewe tye was toe ek nie die Goeie Herder se stem herken het nie. Ek was te besig, te selfgesentreerd. Ek het afgedwaal, maar Hy los 99 ander om my op te soek. Hoor Hom self sê: EK ken my skape en my skape ken My.

3. DAAROM SLUIT ONS HERDER ANDER SKAPE IN SY KUDDE IN

Jesus sê: Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder. In God se kudde gaan daar so baie mense wees wat jy nie daar gaan verwag nie. Ons het ’n inklusiewe Goeie Herder. ’n Herder wat nie onderskeid maak nie. Een kudde een Herder. Die Goeie Herder offer op. In Jesus se woorde: Ek lê my lewe af vir die skape. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir n nikswerd skaap? Onwerklik! Totdat ons onthou dat ons die skape is waarvan Hy praat. Ons is die skape vir wie Hy daardie verskriklike Vrydag alleen op Golgota aan die kruis gehang het. Trouens, Hy was so oorlaai met al ons sonde dat selfs God Sy eie Seun verlaat om ons te verlos. Hy offer Sy Seun in ons plek. Hy is die plaasvervangende offer. Die Vader straf vir Jesus op die ergste manier denkbaar, naamlik die dood. .

Ons is daar saam met Jesus gekruisig, en ons het ook daar saam met Hom doodgegaan.

Die goeie nuus is dat die dood Jesus nie kon gevange hou nie, want Hy is die Seun van God. Na drie dae het Hy opgestaan. Ons ook. Ons wat saam met Hom in die graf was, is ook deur Hom opgewek. Hy het die prys 100% in ons plek betaal en ons straf volledig gedra sodat die dood nie langer oor ons kan heers nie. En vandag hoor ons die Goeie Herder, want die Heilige Gees het skrywers geiinspireer om Sy woorde op te skryf.

Deur die Heilige Gees ken ek die Goeie Herder. Hy stel ander herders aan wat nou oor die kudde waak. Hy stuur hulle vol van die Gees na Judea en Samaria na die eindes van die aarde. Ons is deel van die skape wat ingebring is. Deur die Gees weet ek dat ek in die Herder se hande veilig is. Die kudde is inklusief. Hy is die Goeie Herder wat Sy lewe vir my aflê. Kom ons word stil en hoor die Goeie Herder se stem.

Wees stil en weet dat die Goeie Herder in totale beheer is. Hy maak Sy kerk bymekaar. Hy bewaar Sy kerk. Wees stil en weet dat die Goeie Herder van jou pyn en jou donkerste nag, volkome bewus is. Wees stil en weet dat jy met jou kommer en vrees na die Goeie Herder toe kan gaan. Wees stil en weet.......
Hy sorg dat jy by die waterfontein van die lewe sal uitkom.

## OOG VIR MEKAAR

* Baie geluk aan Antjie du Toit wat 'n kleinseun ryker geword het. Mag hy vir jou en die familie baie vreugde bring. Ons is baie dankbaar dat jy heeltemaal herstel het van die virus.
* Ons dink aan en bid vir Rika Schutte wat besig is met bestraling.
* Pietra van der Walt se arm wat gebreek het en geopereer is, gee haar nog baie las. Ons bid dat die behandeling verligting sal bring en jou en Hannes sal help.



# KATKISASIE

Kategeet handleiding en werkboeke is nou beskikbaar by die Kerkkantoor vir die ouers om die katkisasie tuis te laat gebeur. Ons doen 'n beroep op al ons ouers om die lesse met die kinders deur te gaan, sodat ons met die lesse kan aangaan sodra ons weer in erediens saam mag kom. Daar is genoeg katkisasieboeke vir die kinders en u kan met Nantes reël om dit by die kerkgebou af te haal. Ds Sarel sal met 2020 se belydenisklas kontak maak om te reël vir persoonlike gesprekke, sodra ons die kerkgebou weer mag gebruik.

# FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak, om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

# BYBELSTUDIE 2021

Bybelstudie sal weer eersdaags begin. Hou asb die Basuin dop vir inligting ten opsigte van die datums.

# AFRIKAANSE BYBEL 2020 VERTALING

Lidmate wat die nuwe Afrikaanse Bybel 2020 vertaling bestel het, kan dit nou by die kerkkantoor kom afhaal.



## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Vroeër was julle die ene duisternis,
maar nou in die Here is julle lig.
Leef dan as mense van die lig.
Uit die lig kom alles voort
wat goed en reg en waar is.
*Efesiërs 5:8 en 9*





# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 7 Mrt | JP Coetsee | D | 079 490 2678 |
| Do 11 Mrt | Linelle O'Reilly | D | 082 048 2413 |
| Vr 12 Mrt | ***Gerda Van Deventer **** | B | 076 851 5280 |
| Sa 13 Mrt | ***Sandra Venter **** <br> Theuns Du Preez | B <br> B | 02677 832 5923 <br> 064 549 7520 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 10 Maart 2001 | Francois en Alta Pretorius | 20 | 071 588 1903 <br> 074 145 8923 |
| 11 Maart 2007 | Egbert en Tavia Mooi | 14 | 083 310 6277 <br> 083 310 6266 |


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
R 200 000.00
R 180 000.00
R 160 000.00
R 140 000.00
R 120 000.00
R 100 000.00
R 80 000.00
R 60 000.00
R 40 000.00
R 20 000.00
R -
R 90 101.00
R 185 229.13
JAN
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
R 30 000.00
R 25 000.00
R 20 000.00
R 15 000.00
R 10 000.00
R 5 000.00
R -
R 9 420.00
R 25 297.05
JAN
INKOMSTE
UITGAWES

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My,*

*Johannes 10 : 14*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS